

Ng Murray Gemeente

Aanlyn Erediens 14 Junie 2020

Goeie môre gemeente

Dis vir my soos altyd 'n voorreg om met julle te kan gesels, en ek weet daar is dalk 'n paar van julle wat nie deel van die gemeente is nie, en dis vir my 'n voorreg om met julle ook die boodskap te kan deel. So welkom by ons aanlyn erediens!

Dis vir my baie lekker dat ons as dominees die laaste paar dae weer mag rondbeweeg en mense gaan besoek. Ons doen dit natuurlik baie versigtig, ons wil nie enigiemand aansteek of die probleem vererger nie, maar ons kan darem 'n bietjie mense besoek wat dit nodig het. Maar voor dit was daar eintlik nie baie kontak ment ander mense nie! Dis eintlik net die mense wat hier by my hekkie opgedaag het. En nou verwys ek nie na van julle wat goed moes kom aflaai of optel het nie, maar eerder die wat kom kos vra het. Want dit het natuurlik nie opgehou tydens die lockdown tyd nie, nee in teendeel, dit het dalk selfs erger geword.

En dit het my so bietjie forseer om nuut te dink oor hoe ek mense ontvang. Hoe hanteer ek die mense wat by my hekkie opdaag? En dis natuurlik nou bekendes, gemeentelede, of gereelde besoekers, of heeltemalle vreemdelinge wat by my opdaag. Want natuurlik as ons dink aan mense ontvang, dan dink ons aan onthaal. En dis gewoonlik mense wat ons ken en hopelik van hou, en dis 'n lekker kuier en geselligheid. So ek wil sommer begin met die vraag:

As jy 'n partytjie kon hou, en daar was nie beperkings van Covid of lockdown nie, wat sou jy vier, wie sou jy nooi, en wat sou julle eet? Gesels gou met mekaar daaroor. Julle kan ook hierdie tyd gebruik om kollekte op te neem of geld oor te betaal, en iemand in die gesin kan open met 'n gebed.

Ek weet dat daar natuurlik 'n paar van julle is wat in hierdie tyd verjaar het, en eintlik was partytjies nie toegelaat nie. Dalk het julle as 'n gesin of familie iets gevier, maar veral die groot partytjies, die 18es, 21es of 50es by voorbeeld kon mens nie vier soos mens voorheen sou nie. Dis die verjaarsdae waarop mens nog meer voel jy mis uit. En dan kom daar nog goed soos matriekafskeide by. My niggie is ook nou matriek, en sou haar matriekafskeid gehad het in die tyd. En dan natuurlik troues! Daar is 'n vrag troues wat moes gebeur het in die tyd, maar wat net nie kon voortgaan nie. Ek het die voorreg gehad om in die week 'n paartjie te trou, sommer op die plaas. En dit was eintlik baie spesiaal, baie intiem, maar ek is seker hulle sou dit anders beplan het, anders gedroom het daaroor. Baie mense, groot samekoms, en dit kan net nie. Dis net nie eintlik moontlik nie.

En dan vra ons die vraag: Wat is dan moontlik? En ek bedoel nie net hier: Wat is wettig nie. Ek besef dat daar 'n klomp goed is wat ons op die stadium nie doen nie omdat die wet ons nie toelaat nie, maar daar is ook 'n klomp ander goed wat ons op die stadium nie doen nie, omdat ons eenvoudig nie kan nie. Vir meeste mense in wass iets soos 'n buitelandse vlug net eenvoudig onmoontlik, en selfs al sou mens die wet wou breek om op 'n vliegtuig te klim, vir meeste lande is daar eenvoudig nie 'n vlug nie. Dis basies onmoontlik.

As ons dan in 'n tyd soos hierdie kom, waar dit wat onmoontlik is ons eintlik nog meer as bewoonlik in die gesig staar, dan staan ons self stil by die vraag: hoe hanteer ons dit? Hoe beïnvloed dit ons geloof, en hoe ons mense sien?

Ons gaan vandag 'n gedeelte in die Bybel lees wat meeste van julle dalk al gehoor het, die storie van Abraham en Sara wat besoekers ontvang in Genesis 18. So julle kan as gesin of groep 'n Bybel nader kry en iemand kan dit voorlees, en julle kan dan met mekaar bespreek wat vir julle uitstaan in hierdie gedeelte, wat is julle eerste indrukke? Wat hoor julle in die manier hoe Abraham en Sara optree?

Lees saam Genesis 18:1-15

Kinder oefening: As julle 'n skaal het, versamel goed in die huis tot julle altesaam 16kg bymekaar het. Wie dink hulle sou so baie brood kon eet?

Ons lees hier in die storie dat Abraham onder 'n boom sit, en in die middel van die dag sien hy reisigers wat nader kom. Dan doen hy iets vreemd: Hy spring op, hy draf nader, en hy buig voor hulle. Hoekom is dit vreemd? Wel, eerstens, Abraham is 99 jaar oud! Nou ek weet nie wie van julle het al 'n 99-jarige gesien draf nie, maar daar is niks haastig aan die proses nie! Selfs opspring is 'n proses. Maar dit gaan nog dieper as dit. Hy buig ook laag voor hulle. Dis iets wat iemand doen uit diep respek, en gewoonlik vir iemand wat belangriker was as jy.

Dalk moet ek net verduidelik, in die Bybelse tyd het alles gegaan oor eer, en daar was verskillende vlakke van eer gewees. So iemand wat baie hoë aansien gehad, het nie nodig gehad om so baie eer te wys aan iemand met minder aansien nie. Die van julle wat in die weermag was, sou dalk al 'n bietjie daarvan beleef het: 'n Generaal hoef by voorbeeld nie op aandag te spring en respek te wys aan elke troep wat verbystap nie. Dis net nie nodig nie. Op dieselfde manier sou iemand wat soos Abraham oud was, ryk was (ons lees op 'n ander plek dat hy meer as 300 slawe of diensknegte gehad het), en hoë aansien gehad het, nie nodig gehad het om op te spring, te draf of te buig nie. Maar Abraham kies om, ten spyte van hierdie aansien wat hy het, homself voor hierdie mense te verneder.

Die Bybel is nie vir ons duidelik of Abraham hulle herken het as engele of boodskappers van God nie. Party kommentare gaan so vêr as om te sê dit was dalk Jesus self wat na Abraham toe gekom het. Die Bybel is nie duidelik hieroor nie, maar ongeag sê Abraham: Ek gaan nie myself heilig hou en hierdie volgelinge onder my beskou nie, ek gaan myself onderhewig maak aan hulle. Ek gaan hulle nederig bedien, ongeag of hulle vriende is, kennisse, of dalk mense wat hy nog nooit gesien het nie.

Abraham gaan dan ook verder en sê vir hulle: Wil julle nie gou hier sit, dan bring ek vir julle iets om te eet nie? Die manier hoe hy dit stel laat mens dink hy bied aan om gou vir hulle 'n toebroodjie te gaan maak, met 'n glasië water, en hulle dan weer te laat verder reis. Maar dan gaan hy na Sara toe en sê: My vrou, wil jy nie gou vir ons 16kg meel vat en knie en vir ons roosterkoeke gaan maak nie? Die van julle wat weet van bak, sal weet dit is 'n belaglike versoek. As jy dalk nie weet nie, volgens Jan Braai se resep maak een kilogram meel so om en by 12 lekker roosterkoeke. So met ander woorde, Abraham is besig om hier vir Sara te vra: Bak gou vir ons 196 roosterkoeke! Dit klink belaglik, en eks seker as julle getroud was met Abraham, en jy was 90 jaar oud, sou jy dalk vir hom gesê het hy is van sy lootjie getik.

Wat ons eerder hier moet raaksien, is dat Abraham buitengewoon groot gaan in wat hy vra. En hy stop ook nie daar nie, hy gaan na sy slawe toe en reël dat die vetgemaakte kalf voorberei word. Dit behels dat hulle hom slag, skoonmaak, verwerk, en gaar maak. Die van julle wat iets weet van slag, sal kan sê: Dis nie sommer 'n 15 minute werkie nie! Dis iets wat 'n paar ure neem. So met ander woorde: Abraham is nie besig om die besoekers sommer net vir 'n vinnige middagete of piekniek te laat aansit nie, hy nooi hulle eintlik vir 'n paar etes, en vir 'n lang bly. Om diep te ontspan, rustig te wees, en in hierdie tyd is Abraham besig om hulle te bedien.

En dit is self ook nog verder vreemd in Abraham se posisie. Hy is self besig om na Sara en die slawe toe te gaan, en hy is self die een wat sy gaste bedien. Weereens sou dit nie verwag word van iemand met Abraham se gesag nie, maar hy kies aanhoudend om sy gaste meer te maak en homself minder. Dis die eerste ding wat ons in hierdie stoor: Daar is 'n sekere manier waarin ons mense ontvang.

/

Maar die storie gaan dan ook verder. Die manne begin dan met Abraham gesels, en ons kom agter in die storie dat dit eintlik die Here is wat praat, en hulle bewestig dit wat reeds aan Abraham belowe is. Daar is reeds in Genesis 17 vir Abraham uitgespel dat sy kind wat belowe is nie Ismael is nie, maar dat sy eie vrou Sara 'n kind sal hê, en dat sy naam Isak sal wees. So hier word die belofte bevestig, maar daar is wel een verandering hier: Sara is by. Sy staan en luister af van agter die tent se flap, en sy luister na hierdie gesprek en sy hoor die belofte. En dan dink sy by haarself: "Kom nou, wat is die kans? My man is 99, ek is 89, daar is sekere fisiologiese redes hoekom hierdie net nie gaan werk nie. En sy vra: Kan ek dan op my ouderdom nog plesier beleef? En oor daai woord hoef mens ook nie uit te brei nie, julle weet wat sy vra, maar die punt is: Daar is net nie 'n manier hoe 'n kind moontlik kan wees nie. Dis heeltemal onrealisties! Dis onmoontlik."

Maar die Here weet wat in haar gedagtes aangaan, en hy vra dan vir Abraham, op so 'n manier dat sy ook kan hoor: "Hoekom lag jou vrou? Is enigiets dan vir die Here onmoontlik?" En Sara antwoord dan en sê: Maar ek het nie gelag nie. En die Here antwoord haar: Jy het.

Dis 'n vreemde plek vir die storie om te stop. Van daar af aan praat hulle oor Sodom en Gomorra. Dit sê vir ons iets van die gesag van die Here. Hy hoef eintlik niks meer te sê as net: "Jy het gelag" nie. Hy ken haar gedagtes, Hy ken haar hart, en Hy sê vir haar: Die Here God... kan!

/

Ek en jy word die heelyd gekonfronteer in hierdie storie, want ons word ook gevra: Hoe hanteer ons die geloofsvrae wat oor ons pad kom? Want ons lewe is vol geloofsvrae, dis oral om ons! Ons het geloofsvrae oor wat gaan gebeur met COVID. Ons het geloofsvrae oor die ekonomie. Ons het geloofsvrae oor ons eie werk, oor waar ons volgende salaris vandaan gaan kom. Ons het geloofsvrae oor ons skool, en of ons dit gaan maak as ons nie klas het nie. Of vir die wat al terug is skool toe, die Gr. 7s en matrieks, oor of ons gaan veilig wees of nie. Ons het geloofsvrae oor ons verhoudings met ons man, vrou, kinders, ouers.

Ons lewe is vol geloofsvrae, selfs al besef ons nie eers dat dit geloofsvrae is nie. En dit kom eintlik alles neer op die een vraag: Glo ons regtig nog dat God...regtig kan? Ek het êrens laasjaar in 'n Engelse diens gepreek oor die holy "but", die heilig "maar", en oor die vraag: Waar sit jy daai "maar" in jou sin?

Ons is geneig om alles om ons en wat met ons gebeur te probeer rasionaliseer, te verduidelik, te probeer sin maak uit wat gebeur, en dan is ons geneig om iets te sê soos: "Ek glo in die Here, maar...", en dan na daardie "maar" sit ons al die dinge wat ons eintlik nie glo nie, of al die maniere waarop ons dink dinge nie gaan uitwerk nie. Ons sal sê:

"Ek glo in God, maar hierdie lockdown is besig om my onder te kry." "Ek glo in God, maar ons land en ons dorp en ons besigheid se ekonomie is besig om te vou." "Ek glo in God, maar my punte is besig om redelik erg te val. Ek sien nie hoe ek hierdie kwartaal gaan maak nie." "Ek glo in God, maar my huwelik is besig om swaar te kry. Ons praat nie eintlik eers met mekaar nie, ek sien nie hoe ons hier gaan deur kom nie."

Of jy skuif daardie "maar" en jy sê iets soos: "Ek sien die situasie waarin ons is, met die virus en lockdown, maar God... kan. God kan uitkoms bring, God kan genees." Of ons sê iets soos: "Ek sien die situasie waarin my besigheid is, of die feit dat ek my werk verloor het, of die feit dat ek 'n klomp ekstra geld moet spandeer, maar God kan. God is die een wat manna uit die hemel laat val het. God is die een wat na 3 jaar se hongersnood, vir Israel in een aand weer ekonomies sterk gemaak het." Of

dalk sê jy: “Ek is in ’n situasie waar ek sukkel met my verhouding met my ouers of my kinders, maar God weet hoe liefde lyk, en Hy weet hoe om verhoudings te herstel. Hy kan my leer om te vergewe, Hy ken pyn, en Hy kan ons daardeur vat.”

In elke vraag wat ons het, kan ons leer om te glo: God kan!

/

So miskien as ons onthou wie God is en wat Hy doen, dan maak dit dit ook vir ons makliker as iemand weer by ons hekkie kom staan. Dalk as ons God se hart en beloftes ken, dan help dit ons ook om te sê: Kom sit, kom ek kry vir jou iets om te eet.

Julle kan saam afsluit met die volgende vrae, en daarna kan iemand met ’n gebed afsluit.

1. Waarin sukkel jy nog om God te vertrou?
2. Watter beloftes onthou jy wat die Here al aan jou gemaak het?
3. Hoe kan ons anders dink oor vreemdelinge by ons deur?

Mag God die Vader, Jesus Christus ons verlosser, en die Heilige Gees, God teenwoordig, met julle elkeen wees en bly. Amen